BETYDS - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Waar vlieg die tyd met ons heen? Daar word gesê dat tyd een van die grootste geskenke is wat jy vir iemand kan gee, want dit is iets waarvan niemand ooit genoeg het nie. Niemand het ooit genoeg tyd nie, ironies genoeg het ons almal ewe veel daarvan - jy kies net self waarmee jy jou tyd volpak. Ons sê so gereeld die woorde: "Julle mors my tyd", "Ek het nie meer tyd nie", "Tyd kos geld", "Koop die tyd uit", "Ons kan daar 'n bietjie tyd wen…."

Die uurglas is besig om te loop en ons maak keuses en besluite asof ons vir altyd hier op aarde gaan leef.

Die toneel speel af in die @BETYDS restaurant.
Jy gaan die sakeman Dawid ontmoet wat sy dae volpak asof hy vir altyd gaan leef. Hy jaag geld na. Hy gesels en ken omtrent almal wat by die restaurant opdaag. Sy pad kruis met Katryn, die Hoofkelnerin wat vir Dawid atent maak daarop dat die lewe kort is. Sy deel ook met hom van Dawid van die Bybel wat 'n "Man na God se hart" was, en dat die naam Dawid beteken "God se geliefde".

Sy moedig Dawid aan om tog die aand die "Kersspel" saam met sy gesin by te woon. Ons sien hoe Katryn se woorde 'n impak op Dawid maak, ons sien hoe hy draai en besef dat die lewe wel om meer as materële welstand gaan.

Dawid besef, God is nie haastig nie, maar Hy's altyd BETYDS.

Kopiereg voorbehou